

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 39: Chukkat – Verordening (Wetsinstelling)

יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê: “Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ‘n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1-2 – PWL¹

Torah: Num. 19:1 tot 22:1.

Haftorah: Rigters 11:1 tot 33.

Nuwe Verbond: Heb. 9:11-22; Heb. 13:10-13; Joh. 3:9-21; 1Kor. 1:20-31; 1Kor. 10:4; Joh. 4:10 en 14; 7:37-38; Open. 22:17; Luk. 10:19; Jak. 4:7.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 39 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

The problem with complaining is that God is listening. He hears our words and weighs our hearts. – FFOZ, Chukkat. 2019.

God gave me this great book to preach from, and if He has put anything in it you think is not fit, go and complain to Him, not to me. I am simply his servant, and if His errand that I am to tell is objectionable, I cannot help it. Let me tell you, the reason why many of our churches are declining is just because this doctrine has not been preached. – Charles Spurgeon.

Those who complain most are most to be complained of. – Matthew Henry.

Sometimes God will put a Goliath in your life, for you to find the David within you. – Jim Cody.

Any fool can criticize, condemn and complain - and most fools do. But it takes character and self-control to be understanding and forgiving. – Dale Carnegie.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

We can throw stones, complain about them, stumble on them, climb over them, or build with them. – W.A. Ward.

Torahbespreking

Hersiening

In die vorige drie Torahskriflesings het ons met rebellie teen יהוה te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan. Ons moet dus deeglik besef dat rebellie is nie net ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah nie, maar ook ontevredenheid met Vader se wyse van voorsiening soos wat Yisra'el in die wildernis gemurmureer het oor water en voedsel (Ex. 15:24; Ex. 16:7-8).

Om te murmureer is om teen יהוה te praat en dit is om te sondig:

daarom het die mense na Mosheh toe gekom en gesê: “Ons het gesondig, want ons het teen יהוה en teen u gepraat. Num. 21:7.

In ons Torahstudie tot hede het ons ook geleer van rebellie teen יהוה se aangestelde gesag en die nadelige gevolge daarvan met Miryam (Parashah 36), asook Korag en sy bende (Parashah 38). Hierdie is ‘n herinnering en waarskuwing dat hoogmoed, ambisie en ‘n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadsprek en rebellie teen יהוה ons God en Vader.

Ons het ook in Parashah 37 geleer dat rebellie teen יהוה is ook om nie Sy beloftes te glo en om nie daarvolgens op te tree nie. Die negatiewe verslag van tien van die twaalf verkenners het tot gevolg gehad dat ‘n hele geslag in die wildernis gesterf het (Num. 14:27-29)!

27 “Hoe lank sal Ek hierdie bese vergadering verdra wat teen My kla? Ek het die murmureringe van die seuns van Yisra'el gehoor waarmee hulle teen My bly kla.

28 Sê vir hulle: ‘So waar as Ek leef, sê יהוה, net soos julle voor My ore gepraat het, so sal Ek aan julle doen.

29 Die lyke van julle wat teen My gekla het, sal in hierdie wildernis val, almal van julle wat getel is, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en ouer.

Rebellie teen יהוה is ook ‘n herinnering dat ons woorde skeppingskrag het wat ons eie lewensloop, positief of negatief sal beïnvloed, asook die van ander wat jou woorde hoor soos Spr. 18:21 bevestig:

Dood en lewe is in die mag van die tong en hulle wat dit lief het, sal die vrug daarvan eet.

Ons moet versigtig wees dat ons woorde nie rebellie teen God is nie! Daarom moet ons die wyse woorde van Dawid en Shlomo onthou:

11 Kom, julle seuns, luister na my; ek sal vir julle die respektvolle vrees van יהוה leer.

12 Wie is die man wat lewe begeer en die dae om die goeie te kan sien, lief het?

13 Weerhou jou tong van boosheid en jou lippe daarvan om bedrog te praat.

14 Gaan weg van die boosheid en doen wat goed is; soek vrede, gesondheid, vreugde, voorspoed en vergenoegdheid en jaag dit na. Ps. 34:11-14.

Hy wat sy mond bewaak, bewaar sy lewe; hy wat te veel praat sal verwoesting op homself bring. Spr. 13:3.

Ons Vader duld nie rebellie in sy huishouding nie! Dit kan soos 'n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek – baie kan daardeur besoedel word. Die gevolg kan wees dat ons sonder die onverdiende guns van יהוה in Yeshua gevind sal word!

Die naam van hierdie week se Torahskriflesing is *chukkat* en beteken 'n instelling van die Torah, naamlik 'n wetsinstelling. יהוה se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater is dus 'n *chukkat* en word gedefinieer as 'n gebod (opdrag; bevel; Hebreeus: *mitzvah*) wat 'n geheimenis bevat wat bo ons menslike begrip, wysheid en kennis is.

Die Rooi Verskalf en die Reinigingswater

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die wetsinstelling (*chukkat*) van die rooi verskalf en die voorbereiding van die reinigingswater met die as van die verbrande rooi verskalf. Hierdie wetsinstelling in Num. 19:1-22 is 'n *mitzvah* (meervoud *mitzvot*) en kan beskryf word as:

- ❖ 'n bevel, gebod, wet en algemene beginsel van hoe om te lewe, of as
- ❖ gedragsreëls van wysheid.

Volgens Rabbynse siening is daar twee tipes *mitzvot*, naamlik:

- ❖ Die wat logies of selfverduidelikend is en in Hebreeus *mishpatim* genoem word, soos byvoorbeeld die tien gebooe.
- ❖ Die wat 'n geheimenis bevat en deels bo menslike begrip, wysheid en kennis is en wat bekend is as *Chukkim*, soos byvoorbeeld die wetsinstelling (*chukkat*) van die rooi verskalf en die reinigingswater.

Ons wat egter vertrou in die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een weet dat hierdie wetsinstelling na Yeshua verwys wat dit in elke opsig eenmalig vervul het – tot volheid gebring het! Yeshua is ons reinigingswater soos dit Heb. 9:12-14 bevestig word:

12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,

13 want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,

14 hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien.

Die wetsinstelling van die rooi verskalf en die reinigingswater is 'n geval van die ou verbond wat net 'n skaduwee van toekomstige dinge van die nuwe verbond is (Kol. 2:17). In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar gemaak! Alles deel van Vader-God se onverdiende guns van Genesis tot Openbaring!

Rabbynse Judaïsme sien egter nie hierdie totale prentjie nie, want hulle verwerp Yeshua en dus die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom is die rooi verskalf en die reinigingswater vir hulle 'n geheimenis weens hulle geestelike blindheid, en sal hierdie *chukkat* weer deur hulle ingestel word wanneer die derde tempel gebou word.

Die doel van die verbranding (offer) van die rooi verskalf, hoewel dit nie op die brandofferaltaar van die tabernakel geskied het nie, maar wel buite die kamp, sowel as die reinigingswater wat van die as berei was, was vir die seremoniële reiniging van 'n persoon wat met 'n afgestorwene (met die dood) in kontak was, soos in Num. 19:11-22 beskryf word, asook vir die reiniging van oorlogsbuit (Num. 31:21-23).

Hierdie wetsinsetting mag die indruk skep dat יהוה geen simpatie het nie met diegene wat die dood van 'n geliefde ervaar het, want ons lees in Num. 19:11-15 die volgende:

11 Die een wat 'n dooie mens aanraak, sal sewe dae lank onrein wees.

12 Hy moet homself daarvan reinig op die derde dag en op die sewende dag; dan sal hy rein wees, maar as hy hom nie op die derde dag en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein wees nie.

13 Elkeen wat aan 'n dooie liggaam raak, aan 'n mens wat gesterf het en homself nie reinig nie, het die tabernakel van יהוה onrein gemaak en dié persoon moet uit Yisra'el uitgesny word. Hy sal onrein wees omdat die water vir onreinheid nie op hom gesprinkel is nie, sy onreinheid is nog op hom.

14 Hierdie is die wet as iemand in 'n tent sterf: almal wat in die tent kom en almal wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees

15 en al die oop houers wat nie met 'n deksel toegebind is nie, is onrein.

Hoe kan die sterwe van 'n geliefde die bedroefdes dan onrein maak? Is liefde dan nie juis die vervulling van die wet nie (Rom. 13:10)? Is die feit dat die persoon wat 'n geliefde tot en met die laaste asem liefdevol versorg het dan nie juis rede om as rein gereken te word nie?

Die antwoord op hierdie vrae is te vinde in die feit dat יהוה 'n God van lewe is en nie 'n God van die dood nie!

Dink so daar aan! Vir die massas is die dood 'n manifestasie van 'n god wat die dood gebruik as 'n wyse dat mense hom sal vrees! Maar יהוה, die God van Yisra'el, verklaar deur Sy Torah dat hy die God van lewe is en dat lewe afgesonderd (heilig) is! As priesters van יהוה is ons die afgevaardigdes van die God van lewe wat Homself manifesteer deur lewe te gee, asook die ewige lewe deur vertroue in Yeshua te gee aan elkeen wat Hom lief het en gehoorsaam is. Die onderrig en instruksies van Torah is nie hoe om te sterwe nie, maar wel hoe om in die teenwoordigheid van יהוה te lewe – vir ewig te lewe!!

Elkeen wat die onpartydige opregtheid van יהוה in Yeshua is, sal lewe al sterwe hy, want hy sal opstaan uit die dood met 'n verheerlikte liggaam om vir ewig te lewe. Maar elkeen wat sy eie onpartydige opregtheid oprig, en nie die onpartydige opregtheid van יהוה ken en doen nie, is reeds dood al lewe hy!

Wanneer יהוה dus verklaar dat elkeen wat 'n dooie aanraak, onrein is, is die bedoeling van Vader-God om die aftakelende en verlamme uitwerking wat die dood van 'n geliefde het, uit te wis. Ja, die dood is 'n werklikheid en deel van ons elkeen se lewe. Maar יהוה verklaar elkeen wat 'n dooie aanraak as onrein om ook te dien as herinnering dat die afgestorwene se liggaam nou sonder God-gegewe lewe is. Dit is nie die dood as sulks wat onreinheid veroorsaak nie, maar wel die afwesigheid van God-gegewe lewe! En lewe is afgesonderd soos wat God afgesonderd is!

As koninklike priesterdom van Malki-Tzedek verteenwoordig ons die Gewer van alle lewe en van die ewige lewe. Daarom is die dood nie die einde nie, maar die uiteindelijke voortsetting van lewe vir die geregverdigde in Yeshua. As priesters in יהוה se Koninkryk wil Hy nie hê dat ons moet swig voor die aftakelende en verlamende effek wat die dood van 'n geliefde het nie, want dit is die bron van die onreinheid wat jou in hierdie toestand wil vashou en dood wurg.

Daarom sê יהוה: Wees afgesonder, want Ek is afgesonder (Lev. 11:44; 1Pet. 1:15-16). Dit beteken ook: Wees lewe, want Ek is lewe! Kies Lewe (Deut. 30:19). Selfs met die sterwe van 'n geliefde moet ons lewe kies, want dit is om afgesonderd te wees!

Die dood van 'n geliefde veroorsaak 'n kortsigtige siening van lewe, want dit neem die waarheid van lewe volgens יהוה se definisie weg van ons. Dit veroorsaak onreinheid!

Maar ons weet dat Yeshua het reeds gekom om die wetsinsetting van die rooi verskalf en die reiningswater te vervul!! Ons is gereinig van ons kontak met die realm van die dood, en wanneer ons weer met die fisiese en geestelike dood in aanraking kom sal יהוה deur die onverdiende guns in Yeshua ons telkens opnuut reinig wanneer ons in vertroue gaan om deur Hom gereinig te word.

Vir die geregverdigde in Yeshua is die dood reeds oorwin. Maar die realiteit is dat ons weens ons menslike swakhede, asook weens ons beperkte begrip van יהוה wat Lewe is, sal ons bly worstel met die verwerking van die sterwe van 'n geliefde, maar ons het die versekering dat die dood net tydelik is totdat 1Kor. 15:51-57 vervul sal word:

51 Let op, Ek vertel vir julle 'n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,

52 skielik, soos die knip van 'n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,

53 want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie

54 en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: "Die dood is ingesluk in die oorwinning."

55 "Dood, waar is jou angel? Sh'ol, waar is jou oorwinning?"

56 Die angel van die dood is die sonde en die krag van die sonde is die geskrewe wet,

57 maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.

Hierdie versekering van oorwinning oor die dood is gegrond op ons vertroue in Yeshua as die reiniging van elkeen wat geestelik dood was. Yeshua het gesterf sodat elkeen wat in Hom as die Verlossing vertrou, gereinig kan word van die geestelike dood waarmee ons tot wedergeboorte in aanraking was!

Die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reiningswater bevattende die as van die verskalf was slegs 'n fisiese sinnebeeld van 'n toekomstige geestelike werklikheid. Daarom verwoord die skrywer van die brief aan die Hebreërs dit soos volg:

Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertroue terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van 'n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:22.

Hierdie offerande en die voorbereiding van die reiningswater, was soos die ander offerandes van die Torah van die ou verbond, eenmalig deur Yeshua volbring. Daarom is daar onder nuwe verbond geen verdere nut vir die letterlike reiniging met water bevattende die as van 'n rooi verskalf nie!

Nee, want Yeshua is ook die vervulling van hierdie gedeelte van יהוה se onderrig en instruksies. Maar volgens Num. 19:21 is dit 'n ewige wetsinstelling (*chukat la olam* – 'n instruksie wat tot aan die einde van die wêreld sal voortduur) wat geld vir Yisra'el en die

vreemdeling wat onder hulle vertoef. (Num. 19:10). Daarom: Hoewel ons dit vandag nie fisies doen nie is die geestelike toepassing daarvan ewigdurend.

Dit is belangrik om te verstaan dat die seremoniële reiniging met die water wat die as van die rooi verskalf bevat het, ook die onverdiende guns van יהוה uitbeeld om ons te neem van die realm van die dood na die realm van ware lewe. Wanneer ons sondig kom ons in aanraking met die geestelike dood, maar wanneer ons ons sonde bely, is daar telkens die onverdiende guns van 'n nuwe begin as gereinigde! Vergifnis is om opnuut deur vertroude deel te hê aan die verbrande rooi verskalf en die reinigingswater soos dit in Yeshua volbring is.

As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1Joh. 1:9.

Yeshua het die reinigingseremonie van die verbrande rooi verskalf en die voorbereiding van die reinigingswater volbring. Yeshua was יהוה se vlekkelose rooi verskalf wat buitekant die laer 'verbrand' (gekruisig) was en wat die Lewende Water is wat alle onreinheid verwyder.

Hierdie is die waarheid wat ons vrymaak!

³¹ Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My

³² en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.” Joh. 8:31-32.

Die waarheid (Hebreeus: *Emet*) wat vrymaak, bring verantwoordelikheid wat aanvaar moet word en waarvolgens geleef moet word (Joh. 1:14; Joh. 14:6, 16-17). Torahgehoorsaamheid is die pad na ware vryheid en lewe. Dit maak ons vry om die wil van יהוה te doen en nie meer ons eie wil te volg nie. Dit is die waarheid van vrymaking – vrymaking van die leuen!

Wanneer ons יהוה se Woord, vanaf Genesis tot Openbaring glo en doen, dan is die leuen verby. Die leuen kan nooit die waarheid verander nie, maar die waarheid sal altyd die leuen verander!

Die Torah van die Nuwe Verbond

Hierdie week se Torahskriflesing is weereens bevestiging dat daar 'n verskil is in die Torah van Mosheh en die Torah van Yeshua, dié Gesalfde Een, want, soos reeds bespreek, is die wetsinstelling van die rooi verskalf en die reinigingswater deur Yeshua eenmalig volbring. Geen verdere verbranding van 'n vlekkelose rooi verskalf, en die voorbereiding van reinigingswater met die as van die verskalf, word benodig nie! Nie huidig nie en ook nie in die toekoms nie, want Yeshua was die einddoel ook van hierdie gedeelte van die Torah van Mosheh!

Daarom moet ons die woorde van Paulus in Rom. 10:4 altyd onthou:

want die einddoel van die geskrewe wet is dié Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.

In die lig daarvan dat die Skrifte verklaar dat יהוה gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, naamlik onveranderbaar, is die vraag: Is dit moontlik dat יהוה se Torah kan verander? Die antwoord is dat die beginsel en die wese van die Torah nie kan verander nie en moet gehoorsaam word! Alles vir altyd! Daar is dus slegs een Torah! Maar verandering in die omgewing en omstandighede, en wat gekoppel word aan die bepaalde verbond wat ter sprake is, bring egter 'n aanpassing in die praktyk en die toepassing van יהוה se Torah. Daarom kan

daar onderskeid gemaak word tussen die Torah van Mosheh van die ou verbond en die Torah van Yeshua van die nuwe verbond.

Byvoorbeeld: Voor Yeshua was dit gerig rondom die tempel en die fisiese toepassing van die wet, maar tog heenwysend na 'n groter waarheid. Dit beteken dat onder die ou verbond is יהיה se Torah toekomstgerig, veral die Torah van Mosheh. Na Yeshua se koms – na Sy folterdood en opstanding – het die klem egter verskuif na die geestelike verstaan, die volheid (vervulling) in Hom en die doen in hierdie geestelike begrip daarvan. Nou is ons liggaam die tempel en al die praktiese wette daarvan word in my deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een volvoer en voltooi.

In vorige notas is die verandering in die priesterorde wat plaasgevind het bespreek, naamlik dat die Levitiese priesterorde vervang is met die orde volgens Malki-Tzedek (Heb. 7:12-19). Daarom het daar met Yeshua se folterdood en opstanding 'n verandering in die onderrig en instruksies ten opsigte van die offerandes soos in die Torah van Mosheh uiteengesit word, plaasgevind, naamlik dat geen verdere diere offers vereis word nie, want Yeshua is ons eenmalige offer.

Die Torah van die offerandes onder die ou verbond is dus in Yeshua tot volheid gebring. Geen verdere fisiese offerandes volgens die voorskrifte van die Torah van Mosheh word vereis nie!

Ons moet altyd onthou dat die aardse tabernakel met sy priesterorde en offerandes slegs 'n bloudrukplan was van die hemelse. Na die folterdood en opstanding van Yeshua is die fisiese egter met die geestelike vervang. Daarom is daar 'n Malki-Tzedek priesterorde wat sonder 'n tabernakel en fisiese offerandes funksioneer. Die priesterorde van Malki-Tzedek met Yeshua as Hoofpriester doen nie diens in 'n aardse tempel nie, maar wel in die Hemelse Koninkryk van יהיה!

Ons taak as priesters is om die lofprysing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, ons wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor ons uitgestort (1 Pet. 2:10).

Ons moet ook die woorde van Yeshua onthou toe Hy aan sy studentevolginge gesê het:

- 12 Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie,
 13 maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar.
 14 Hy sal My vereer en loof omdat Hy, uit wat aan My behoort sal vat en aan julle sal wys.
 15 Alles wat My Vader het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal vat uit wat aan My behoort en aan julle wys. Joh. 16:12-15.

Op dié wyse het Yeshua bevestig dat die Afgesonderde Gees Sy studentevolginge, waarvan sommige die skrywers is van die Skrifte van die nuwe verbond, sal leer en lei om die volle openbaring te verstaan van Yeshua se folterdood en opstanding en hoe dit verandering in die Torah van Mosheh teweeg gebring het.

Dit is die Gees van Afsondering wat die openbaring gegee het dat Yeshua die einddoel van die rooi verskalf en die reinigingswater was. Geen verdere verbranding van 'n vlekkelose rooi verskalf en die voorbereiding van reinigingswater met die as van die verskalf, word benodig

nie! Nie huidig nie en ook nie in die toekoms nie, want Yeshua was ook die einddoel van hierdie gedeelte van die Torah van Moshe!

Die offerandes en die seremonie van die rooi verskalf is uitgedien, maar in die geestes realm bestaan dit steeds. Deur vertrou dat Yeshua in elke opsig dit volbring het, is asof ons deel daaraan het. Die fisiese doen, is vervang met die geestelike toepassing daarvan!

Bepeins of Bespreek

1. Gehoorsaamheid aan Torah is lewe en ongehoorsaamheid is dood! Sonde is om יהוה se Torah te oortree (1Joh. 3:4) en die loon van die sonde is die dood (Rom.6:23). Elkeen wat moedswillig sondig is dus onrein omrede hy of sy met die dood in kontak is. Hoe maklik is dit om te glo dat jy rein is, terwyl jy in werklikheid onrein is?
2. Met die beplande derde tempel, wat waarskynlik binnekort gebou sal word, sal al die offerandes, asook die voorbereiding van die reinigingswater, tesame met die Levitiese priesterorde heringestel word. Is diegene wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God is, maar wat met verwagting uitsien na die derde tempel om deelname daaraan te hê, skuldig aan rebellie soortgelyk as die van Korag en sy bende? Is dit ook rebellie van kwaadspreek teen יהוה?
3. Volgens Rabbynse Judaïsme sal die geboorte van 'n vlekkelose rooi verskalf in Yisra'el 'n teken wees van die naderende koms van hulle verwagte Messias. Die vraag is egter watter Messias? Die ware Gesalfde Een of die vals gesalfde een (die Antichris)? Gaan Rabbynse Judaïsme die ware Gesalfde Een herken en erken, of gaan die geskiedenis herhaal word toe die meeste van die Joodse leiers nie Yeshua met Sy eerste koms herken het nie?

Die Gif van Rebellie

In hierdie week se Torahskriflesing murmureer Yisra'el weereens oor voedsel en water – ontevredenheid met die wyse van God se voorsiening, naamlik met die 'man hu' uit die hemel en die gebrek aan water.

Die volk het teen God en teen Mosheh gepraat: “Waarom het U ons uit Mitzrayim laat opkom om in die wildernis te sterf, want daar is geen brood en geen water nie en ons liggame walg van hierdie nuttelose kos.” Num. 21:5.

Hierdie keer het יהוה as straf giftige slange onder die volk losgelaat en baie was gebyt en het gesterf.

יהוה het giftige slange onder die volk gestuur wat die volk gebyt het en baie van die mense van Yisra'el het gesterf.

Tereg kan gevra word: Wanneer gaan Yisra'el leer om nie teen יהוה hulle God te rebelleer nie?

Nadat die volk berou getoon het, het God vir Mosheh opdrag gegee om 'n giftige koperslang te maak sodat elkeen wat daarna kyk genesing sal ontvang.

Mosheh het 'n koper slang gemaak en dit op 'n paal gesit en so was dit dat as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koper slang, hy geleef het. Num. 21:9.

Elkeen wat “besmet” was met die gif van rebellie moes in vertroue gaan om na die slang te kyk en het dan genees geword! Hulle genesing was deur vertroue in God se voorsiening en na berou oor hulle sonde van rebellie!

Ons weet hierdie gebeurtenis was ‘n heenwysing na Yeshua wat aan die folterpaal gesterf het sodat elkeen wat met sonde “vergiftig” is, onsondig kan word wanneer daar in vertroue na יהוה se Verlossing gekyk word. Daarom lees ons die volgende in Joh. 3:14-15:

14 en net soos Mosheh die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word

15 sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê.

Daarom het ons wat genees is van die gif van sonde deur wedergeboorte en gehoorsaamheid aan Torah, ook die taak om Yeshua op te lig vir die wêreld om te sien, want Yeshua het gesê: “Wanneer Ek van die grond af opgelig word, sal Ek almal na My toe trek” (Joh 12:32).

Dit giftige slange is ‘n herinnering dat sonde, naamlik die oortreding van Torah (1Joh. 3:4), rebellie teen God is waarvan die loon die ewige dood is (Rom. 6:23).

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom het God vir Mosheh gesê om ‘n koperslang te maak? Volgens Rabbyne wysgere was dit omrede die slang die eerste was om kwaad teen יהוה-God te spreek. First Fruits of Zion in hulle notas van *Chukkat* som dit soos volg op: *When we show ingratitude toward God and complain about His ways, we are speaking the serpent's native tongue. His venom is already poisoning our hearts.* Daarom moet ons onthou dat ons woorde het skeppingskrag en onthou wat Shlomo hiervan in Spr. 18:21 gesê het! Ons sal ook rekenskap moet gee van elke waardelose (ydele) woord (Matt. 12:36).

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.